

Groete uit die Sinodehuis

31 Januarie 2017

Kollega,

Die eerste maand van 2017 is in 'n oogwink verby en ek vertrou dat dit vir jou 'n mooi maand was, die begin van 'n jaar waarin jy God se teenwoordigheid op 'n spesiale manier sal ervaar!

Vir ons as gesin het die jaar moeilik begin... Nerene se ma (81) is op 29 Desember oorlede en dus het ons is die eerste week twee dankdienste gehou. Die een in Universiteitsoord waar sy en my skoonpa (85) die laaste ses jaar lidmate was en die ander op Utrecht waar die Van Rooyen-familie vir ses geslagte op die plaas Waaihoek geboer het.

Te midde van die hartseer, het die jaar vir ons met groot dankbaarheid begin. Dankbaarheid oor die voorreg van lewe, oor die toewyding van ouers, oor mooi herinneringe, oor geleenthede en oor die pad wat God met elkeen van ons loop.

So het elkeen van ons 'n verhaal om te vertel oor die eerste maand van 2017. Die res van die jaar gaan gewis nie sonder uitdagings wees nie. In soverre as wat dit moontlik is, sal ons as personeel by die Sinodehuis graag wil help en ondersteun. Kontak gerus vir Johan Kruger, Naomi van Wyk, Hermien Swart, Sandra Grobler of vir myself en kom kuier asb. vir ons! Bly ook eerstehands ingelig oor wat in die sinodale gebied, asook op die breë kerklike terrein gebeur, deur elke Vrydag die "Verskil" te lees. Hermien doen baie moeite om ons nuusbrieff goed te versorg en inligting vir plasing is baie welkom.

Ek kuier graag by julle en daarom aanvaar ek met dankbaarheid uitnodigings na bevestigings- en afskeidsgelenthede van predikante, leraarsbyeenkomste, gemeentefeeste, ringsbyeenkomste en ander geleenthede. Ek aanvaar ook graag uitnodigings om eredienste of ander byeenkomste te lei.

Dit is vanjaar 500 jaar sedert die Reformasie in 1517. Mag dit vir ons betekenisvol wees om vanjaar ons wortels te vier. Mag ons egter daarteen waak om nooit selftevrede agteroor te sit nie, maar om eerlik in die spieël te kyk en reformerend nuut te dink oor ons kerkwees...

Groete,



082 653 5734 / paul@noordsin.co.za